

22 Mei

Skrifgedeelte: Romeine 6:1-14
Fokusgedeelte: DL, 1:13

'n Verwaande uitverkorene is so onmoontlik soos 'n vierkantige sirkel!

'n Sportman wat verseker is van sy plek in die span kan baie maklik laat slap lê en nie meer sy beste gee nie. Dieselfde kan egter nie met 'n uitverkorene gebeur wat van sy uitverkiesing seker is nie. Iemand wat van sy uitverkiesing seker is word daardeur aangespoor om hom daaglik voor God te verootmoedig, om die diepte van sy barmhartigheid te eerbiedig, om hom te reinig en om God vurig lief te hê.

Romeine 6 herinner ons daaraan dat ons saam met Christus gesterf het en dat ons daarom nou vir die sonde dood is. Romeine 6 herinner ons ook daaraan dat ons saam met Christus opgestaan het uit die dood tot 'n nuwe lewe en dat ons nou vir Hom lewe. So onmoontlik as wat dit vir 'n dooie is om sonde te doen, so onmoontlik is dit vir 'n uitverkorene wat seker van sy uitverkiesing is, om op te hou om die Here te dien en om onverskillig te word en 'n sondige lewe te lei. Dat iemand wat sy uitverkiesing besef 'n verwaande, onverskillige uitverkorene kan wees is dus net so onmoontlik as wat dit vir 'n sirkel is om vierkantig te wees! Die lewens van mense wat seker van hulle uitverkiesing is word deur dié sekerheid verander. Hulle smag daarna om God te verheerlik met alles wat hulle doen. Hulle laat nie meer toe dat die sonde oor hulle baasspeel en oor hulle regeer nie. Hulle leef nou vir 'n nuwe Baas, die Here. Dit is vir hulle nou 'n vreugde om God te dien en te gehoorsaam.

As u hierdie vreugde ook in u lewe ondervind, dank God vir die groot genade dat u ook uitverkies is en bewys u dankbaarheid deur te leef soos 'n uitverkorene!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~